

**4 Mei**

**Skrifgedeelte: Handelinge 8:4-25**

**Fokusgedeelte: Handelinge 8:21**

### **Op ‘n verkeerde manier – naby**

Die voortvlugtende gelowiges het die evangelie dwarsdeur heidense grondgebied verkondig. Baie wonders het plaasgevind en onrein geeste is verdryf. ‘n Sekere Simon, wat *hom met towery besig gehou het*, het soveel belangstelling in die prediking en wonderwerke van Filippus getoon, dat hy ook gedoop is en oral saam met Filippus beweeg het. Toe die apostels uit Jerusalem kom en die gelowiges uit Samaria die hande oplê, sodat hulle ook die Gees van God kon ontvang, het Simon sy ware kleure gewys. Sy belangstelling was in die “krag” van die Gees se werking en nie in die geloof in Jesus Christus nie. Hy wou om die verkeerde redes naby wees en was selfs bereid om geld aan te bied om dieselfde kragte te ontvang. Hy sou later in die kerkgekiedenis ‘n baie negatiewe en vyandige rol as teëstander van die kerk van Jesus Christus speel.

In die uitbreiding van God se koninkryk moet ons ons deeglik hiervan vergewis: Om Christen te wees beteken nie net dat jy moet naby wees nie, maar dat jy op die *regte wyse* naby moet wees. Ook in Jesus se tyd was daar skares mense wat saamgeloop het sonder dat hulle in hulle harte deur die ware geloof aan Hom verbonde was. ‘n Meeloper is net ‘n toeskouer wat om die verkeerde redes naby wil wees, maar wat in wese ‘n teëstander en struikelblok is. Wanneer God se koninkryk gebou word, moet ons seker maak of iemand ‘n boublok of ‘n struikelblok is. Die vraag wat gevra moet word is nie hoe *naby* iemand is nie, maar *hóé* is hy naby?

Sing: Psalm 116:9,10

Ds IW Ferreira (Magol)